



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2018**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 70**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal geenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING: dubbelpunt 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee, drie of vier feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word **BEIDE** die letter aanvaar **EN** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Wanneer 'n mens identiteitloos is, kan jy baie anders as normaalweg optree ✓ – selfs uiters negatiewe karaktereienskappe sal na vore kan kom.	(1)
1.2	Wanneer mense nie so goed lyk nie, sal hulle dit nie sommer op sosiale media plaas nie/ Mense sal hulle beste voetjie voorsit as dit op sosiale media geplaas word/ Mense is nie eerlik oor hul normale/slegte dae nie en hou dit uit publiek se oog. (Enige TWEE soortgelyke antwoorde)	(2)
1.3	Anonimiteit laat mense kop verloor en hulle dink nie wat hulle doen nie/ Hulle is nou dapperder as wat hulle andersins sou wees ✓ Hulle gebruik dit as uitlaatklep vir hul eie frustrasies ✓ Mense hoef geen nagevolge te vrees nie ✓ (Enige TWEE soortgelyke antwoorde)	(2)
1.4	Hulle is meer ongeskik ✓ Hulle gebruik dit as 'n uitlaatklep vir hul eie frustrasies ✓ en kla makliker. ✓	(3)
1.5	Diffusie van verantwoordelikheid ✓ – mense dink dis die groep wat iets lelik sê/doen en nie die “ek”/individu nie. ✓ Onkritiese voldoening aan groepsnorme ✓ – jy glo dat 'n groot groep mense eerder reg sal wees en dus sal jy nie jou eie kritiese denke vorm nie. ✓	(4)
1.6	Dis instinktief, want die mens kan net oorleef en floreer deur in groepe saam te werk. ✓ Die mens wys net die beste weergawe van homself/haarself aan ander sodat aanvaarding sal plaasvind. ✓	(2)
1.7	Ja. Die internet bied jou die keuse om óf jou ware self óf iemand heel anders te wees.	(1)
1.8	Aanlyn “likes” dui op jou sg. “sukses” ✓ Dit veroorsaak dieselfde chemiese reaksie as fisieke beloning ✓ Mense kan dus ook verslaaf raak daaraan. ✓	(3)
1.9	Dit beteken dat ons onself nie sien soos ons is nie, maar soos ons dink ander mense ons sien. ✓ Dis 'n spieëlbeeld van reaksies, terugvoering en oordeel van die mense rondom ons. ✓	(2)
1.10	Dit is 'n feit. Paragraaf 7 verduidelik dat navorsing reeds 'n sterk verband wys tussen ongelukkigheid en die getal ure wat die mens op sosiale media deurbring. ✓	(1)

1.11	Ouer mense kan onderskeid tref tussen hulle private en openbare lewens. ✓ Ouer mense is meer kieskeurig oor wat hulle op sosiale media deel. ✓	(2)
1.12	Ja. Tieners beseft al meer die gevare van sosiale media en dat dit tot konflik en ongelukkigheid kan lei. ✓  <b>OF</b>  Nee. Tieners se lewens draai om sosiale media en niks sal hulle afskrik om hul uitsprake en dit wat hulle plaas te heroorweeg nie. ✓	(1)
1.13	Ja In die slotsin lê 'n groot lewenswaarheid opgesluit. ✓  <b>OF</b>  Nee Elke persoon is geregtig op sy/haar eie opinie en moet as sodanig gerespekteer word. ✓	(1)
1.14	Teks A handel oor die gevare van sosiale media en Teks B bied grafiese inligting/beelde oor die verskillende platforms wat beskikbaar is. ✓	(1)
1.15	In Teks A paragraaf 1 word daar gepraat van hoe mense almal iemand anders word – net die positiewe, wonderlike sy van hul lewens word genoem en paragraaf 6 praat dus ook van die uitlaatklep wat so gebied word aan gebruikers, terwyl daar in Teks B gepraat word van die platform, verhoog wat daar gebied word aan gebruikers sodat hulle hul gebeure aan vriende en familie kan “ontbloot”. ✓✓ (Beide kante moet genoem word.)	(2)
1.16	Die woord MAAR beklemtoon die ander gevaarlike sy van sosiale media waarop die mens bedag moet wees. ✓	(1)
1.17	Diegene wat nie oor tegnologie of die internet beskik nie, kan nie hieraan deelneem nie./ Hulle kan nie saampraat en meedoen nie. ✓  <b>OF</b>  Daar is wel diegene wat bg. tot hul beskikking het, maar nie hul lewens so wil openbaar nie. ✓	(1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

**LET WEL:****Tel van woorde:**

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepeenaliseer word nie.

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

<u>AANHALINGS UIT DIE TEKS:</u>	<u>EIE WOORDE:</u>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Kry 'n ondersteuningsnetwerk</b> deur positiewe vriende en familie wat ...</li> </ul>	Maak gebruik van 'n ondersteuningsnetwerk wat jou motiveer en jou suksesse sal vier.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Wees bewus waarom jy beheer het ...</b></li> </ul>	Jy het nie beheer oor alles wat met jou gebeur nie so beheer net hoe jy daarop reageer.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Vier jou mylpale ...</b></li> </ul>	Dis nodig om jou mylpale te vier veral as moedeloosheid jou wil insluk.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Breinspoel</b> jousef tot jy positief</li> </ul>	Fokus op die positiewe.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Bly weg</b> van negatiewe mense...</li> </ul>	Moenie aandag gee aan negatiewe mense en hul praatjies nie.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Navorsingsresultate toon ook dat mense meer positief is wanneer hulle <b>op probleme bedag</b> is...</li> </ul>	Visualiseer positiewe uitkomst sodat jy kan sien as iets moontlik kan skeefloop.
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Leer eerder uit jou foute</b> as om dit te herhaal</li> </ul>	Dink na oor jou foute, hul oorsake en leer daaruit.

(80 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

**PARAGRAAF:**

Maak gebruik van 'n ondersteuningsnetwerk wat jou motiveer en jou suksesse sal vier. Jy het nie beheer oor alles wat met jou gebeur nie so beheer net hoe jy daarop reageer. Dis nodig om jou mylpale te vier veral as moedeloosheid jou wil insluk. Fokus op die positiewe. Moenie aandag gee aan negatiewe mense en hul praatjies nie. Visualiseer positiewe uitkomst sodat jy kan sien as iets moontlik kan skeefloop. Dink na oor jou foute, hul oorsake en leer daaruit.

Getal woorde: 80

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Persone wat belangstel om begrafnispolisse/-versekering te koop en/of dalk reeds polishouers is. ✓	(1)
3.2	eeu (spelling is belangrik) ✓	(1)
3.3	Die vier jongmense is op 'n <i>roadtrip</i> ./ Dit lyk of hulle met vakansie en op reis is. 'n Mens benodig dikwels 'n padkaart vir reisdoeleindes om jou die pad aan te dui. ✓	(1)
3.4	Daar is jongmense vir die advertensie gebruik. 'n Mens verwag nie/dit is onnatuurlik vir jongmense om te sterf. ✓	(1)
3.5	Jóú ✓	(1)
3.6	Ek kan nie 'n noot op die klavier speel nie / sing nie. ✓	(1)
3.7	bystand, persoonlike aandag ✓	(1)
3.8	Samestellings gevorm met syfers moet met 'n koppelteken geskryf word. ✓	(1)
3.9	Oorledene ✓	(1)
3.10	Ekstra, bykomende inligting word verder op die bladsy uitgebrei. ✓	(1)
		<b>[10]</b>

**VRAAG 4**

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Bywoord van tyd ✓	(1)
4.2	U word na die vliegtuig teruggeneem. ✓	(1)
4.3	Verbasing/ongeloof ✓	(1)
4.4	Hy "swets" deur die woorde "duisend duiwels/driehonderdduisend duiwels" / hy gebruik kragwoorde ✓	(1)
4.5	"kameelpote" en verwys so na die Arabiere ✓	(1)
4.6	Oor 'n uur sal (daar) deur hulle oor die Djebel Kadeih gevlieg word. ✓	(1)
4.7	Assimilasie ✓	(1)
4.8	4.8.1 Uitroepsinne / hiperbole (oordrywing) / ironie? ✓	(1)
	4.8.2 Hy wonder watter ongeluk/teenspoed vir hulle wag in die toekoms. ✓	(1)
4.9	Samestellende afleiding ✓	(1)
		<b>[10]</b>

**VRAAG 5**

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	woordtoortoligheid/pleonasme ✓	(1)
5.2	sg. ✓	(1)
5.3	Jy ✓	(1)
5.4	gereeld/dikwels ✓	(1)
5.5	'n Tafeldek soos Nataniël s'n herrangskik nie die prioriteitslys van die hart nie. ✓	(1)
5.6	Konfrontasie ✓	(1)
5.7	Aan ✓	(1)
5.8	Herinneringe ✓	(1)
5.9	Slegte ✓	(1)
5.10	Die kind wat so bederf is, tree soos 'n regte <u>bedorwe</u> brokkie op. ✓	(1)
		<b>[10]</b>

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**